

DRUIWE BEMARKINGSVERSLAG

Die nuus uit die meeste areas is dat die seisoen 7 – 10 dae later is as laasjaar. Die Noorde het die naweek heelwat reën gehad wat dinge weer vertraag het maar die weer is nou lekker warm en ontwikkeling is vinnig. Die later begin van die oes sal egter nie skuif nie. Wat wel 'n probleem kan raak is dat die laat kultivars meer op tyd begin raak en dus begin bots met vroeër kultivars in die pakstoor.

Ten spyte van die Covid maatreëls in meeste lande, is daar tog 'n algemene positiwiteit in die mark. Die grootste probleem wat tans voorsien word lê in die Covid maatreëls wat nou weer in baie lande implementeer word. Restaurante maak toe en beweging word meer ingeperk. Die implikasie daarvan is dat die druk om punnets te voorsien al groter raak. Oral waarsku kliënte ons teen losverpakking en vra dat meer punnets gepak word. Die redes daarvoor is dat meer druiwe in supermarkte verkoop word waar punnets die voorkeur verpakking is en ook dat aanlynverkope elke week met dubbelsyfers groei. Aanlynverkope van druiwe is slegs in punnets. Die neiging is duidelik sigbaar in die VK, Europa en ook die Ooste.

Die markte waar ons 4.5kg verpakking met voldoende vertroue kan verkoop raak al minder. Waar moontlik moet pakstore dus asb voorberei om meer punnets te kan pak. Om dit in programme in te deel is geen probleem nie.

Op die stadium is daar nog heelwat wit pitloos van Spanje, Griekeland en Italië in die Europese mark. Die voorspelling is egter dat daar nog net genoeg voorraad in die wingerde is vir die volgende twee weke. Waarskynlik minder want daar was reën in Griekeland en daar is kommer oor hul kwaliteit. Daar het wel al druiwe van Brazil aangekom maar dit word nog nie in betekenisvolle volumes verkoop nie. Die volumes wat alreeds vanuit die Suidelike halfrond arriveer het is 25% minder as laasjaar. Die gestoorde volumes in die VSA is ook nie buitensporig hoog nie en baie van die eerste Peruviaanse wit pitloos sal soontoe gaan.

Die wit pitlose punnets uit die Suidelike Halfrond word tans teen €15 tot €15.50 aangebied, maar soos reeds aangedui is die verkope nog maar min. Daar word verwag dat die verkope van die ingevoerde produk skerp sal optel oor die volgende twee tot drie weke soos die mark leegraak. Pryse kan dus selfs nog bietjie styg, maar sal daarna begin daal soos verkope afneem weens weerstand teen die hoë pryse. Soos altyd is dit maar 'n balans tussen die skuif van volumes en hoë pryse. Rofweg gee 'n €15 verkoopsprys 'n DIP van R190.

Pryse vir wit pitloos in 4.5kg is tans op €7 vir Griekse produk. Ingevoerde druiwe word aangebied vir €12.25 tot €12.75. Dit is heelwat laer as die pryse waarteen witpitloos in losverpakking in dieselfde tyd laasjaar verkoop het. Rofweg gee 'n €12 verkoopsprys 'n DIP van R160.

Opsommend kan oor wit pitloos gesê word dat betenisvolle volumes oorsese produk eers in week 45/46 verkoop gaan word, waarskynlik teen pryse vergelykbaar met die afgelope twee jaar. Ons sal nog moet sien of die verkope, en pryse, van losverpakking wel kan styg na vlakke van die vorige twee jaar.

Wat rooi pitloos betref is die prentjie nog bietjie anders. Daar is nog baie produk beskikbaar in al die markte. Die Suidelike halfronde is egter ook laat, wat hopelik die gaping sal laat vir die volumes om weggewerk te word. Wat wel verblydend is, is dat die verkoopstempos baie hoog is. Die prys vir 4.5kg is tans rondom €9 en vir punnets is dit €10. Oorsese produk wat wel beskikbaar is word aangebied teen €15 vir punnets en €13 vir losverpakking maar daar is geen verkope nie. Alle aanduidinge is dat die beskikbaarheid van ingevoerde rooi pitloos gedurende die volgende twee weke gaan toeneem en waarskynlik die vlakke van laasjaar gaan verbygaan. Hoe dit die prysontwikkeling oor die volgende vier weke gaan beïnvloed is moeilik om te sê. Dit is egter baie positief dat die verkoopstempos so hoog is.

Seisoenspakprogramme is alreeds aan almal uitgestuur. Ons doen weereens 'n beroep op almal om na die punnetvolumes te kyk en ons te laat weet as julle meer kan pak.

Onthou asb om waar moontlik oor te skakel van Grasp na Siza tydens die komende oudits. Al hoe meer markte begin nou op Siza aandring.

Veilig wees.

Groete.

Sapex Span